

VOLMAGVORM VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN SANLAM-AANDEELHOUDERS: 05 JUNIE 2019

Vir gebruik deur gewone aandeelhouers wat aandele sertifikate besit of aandeelhouers met gedematerialiseerde aandele in hul eie naam of aandeelhouers wat hul gewone Sanlam-aandele deur Sanlam Share Account Nominee (Edms) Bpk of Sanlam Fundshare Nominee (Edms) Bpk hou en 'n gevolmagtigde wil aanstel om namens hulle op te tree by die algemene jaarvergadering van aandeelhouers van Sanlam ("Sanlam-aandeelhouers" of "aandeelhouers") wat Woensdag 05 Junie 2019 om 14:00 in die CR Louw-ouditorium, Sanlam Hoofkantoor, Strandweg 2, Bellville, Kaapstad (die "Vergadering") gehou word en by enige verdagting of uitstel daarvan. Die Vergadering begin stiptelik om 14:00 weens die elektroniese stemstelsel wat gebruik word. Laat registrasies word nie toegelaat nie. Aandeelhouers word ook verwys na die aantekeninge op die keersy.

Ek/Ons, bogenoemde geadresseerde(s), stel:

1. _____ of as hy/sy nie kan nie
2. _____ of as hy/sy nie kan nie
3. **die voorsitter** van die Vergadering aan as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons by die Vergadering en by enige verdagting of uitstel daarvan op te tree, vir die doel om die besluite wat daar voorgestel gaan word te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem en vir of teen sodanige besluite te stem of buite stemming te bly ten opsigte van die aandele wat in my/ons naam geregistreer is, soos volg:

Dui asseblief met 'n "X" die opdragte aan u gevolmagtigde aan in die ruimtes hier onder voorsien. In die afwesigheid van sodanige aanduiding is die gevolmagtigde geregtig om na sy/haar eie goeddunke te stem. (Kyk ook die aantekeninge op die keersy.)

BESLUIE		VIR	TEEN	BLY BUITE STEMMING
1	Gewone besluit nummer 1: Om die Sanlam Jaarverslag, insluitend die gekonsolideerde nagesiene finansiële state, ouditeure se ouditkomiteeverslae en direkteure se verslae voor te lê.			
2	Gewone besluit nummer 2: Om Ernst & Young weer as onafhanklike eksterne ouditeure aan te stel.			
3	Gewone besluit nummer 3: Om die volgende bykomende direkteur aan te stel:			
3.1.	SA Zinn			
4	Gewone besluit nummer 4: Om die volgende uittredende direkteure by rotasie, individueel te herkies:			
4.1	PT Motsepe			
4.2	KT Nondumo			
4.3	CG Swanepoel			
	Om die volgende uittredende direkteure wie vrywilliglik uittree as gevolg van lang ampstermyn, te herkies			
4.4	AD Botha			
4.5	SA Nkosi			
5	Gewone besluit nummer 5: Om die volgende uitvoerende direkteur te herkies			
5.1	IM Kirk			
6	Gewone besluit nummer 6: Om die volgende onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy individueel as lede van die Ouditkomitee te kies:			
6.1	AD Botha			
6.2	PB Hanratty			
6.3	M Mokoka			
6.4	KT Nondumo			
7	Gewone besluit nummer 7: Om 'n nie-bindende adviserende stem uit te bring oor die Maatskappy se Vergoedingsbeleid.			
	7.1 Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se Vergoedingsbeleid			
	7.2 Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se Verslag oor die Implementering van Vergoeding			
8	Gewone besluit nummer 8: Om kennis te neem van die totale vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018.			
9	Gewone besluit nummer 9: Om onuitgereikte aandele onder die beheer van die direkteure te plaas.			
10	Gewone besluit nummer 10: Om die algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik, goed te keur.			
11	Gewone besluit nummer 11: Om enige direkteur van die Maatskappy, en waar van toepassing die sekretaris van die Maatskappy, te magtig om uitvoering aan voorgenoemde gewone en ondergenoemde spesiale besluite te gee.			
A	Spesiale besluit nummer 1: Om die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy vir die tydperk 01 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 goed te keur.			
B	Spesiale besluit nummer 2: Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge Artikel 44 van die Maatskappywet			
C	Spesiale besluit nummer 3: Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge Artikel 45 van die Maatskappywet			
D	Spesiale besluit nummer 4: Om die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy te magtig om die Maatskappy se aandele te verkry.			
E	Spesiale besluit nummer 5: Om die Trustakte van die Sanlam Beperk Aandele-aansparingstrust te wysig.			

Onderteken op _____ 2019 te _____

Handtekening(e) _____ bygestaan deur (waar van toepassing) _____

Meld hoedanigheid en naam/name wanneer in 'n verteenwoordigende of bystandshoedanigheid teken: _

Telefoonnommer (gedurende die dag) _____

Elke Sanlam-aandeelhouer het die reg om 'n gevolmagtigde (wat nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy hoef te wees nie) aan te stel om namens sodanige Sanlam-aandeelhouer die Algemene Jaarvergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem.



AANTEKENINGE

1. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
2. 'n Aandeelhouer kan die naam of name van een of twee alternatiewe gevolmagtigdes van sy/haar keuse in die ruimte wat daarvoor voorsien is, invul en die woorde "die voorsitter van die Vergadering" behou of skrap. Die aandeelhouer, en indien van toepassing die persoon wat die ondertekenaar bystaan, moet enige sodanige skrapping parafeer. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en nie geskrap is nie, en wat by die Vergadering teenwoordig is, het die reg om met uitsluiting van dié wie se name volg, as gevolmagtigde op te tree.
3. Enige wysiging of regstelling moet deur die ondertekenaar, en indien van toepassing die behoorlik gevolmagtigde persoon wat die ondertekenaar bystaan, geparafeer word.
4. Die voorsitter van die Vergadering kan enige volmagvorm aanvaar, mits die voorsitter tevrede is met die wyse waarop die betrokke aandeelhouer wil stem.
5. 'n Afskrif van die volmag of sodanige ander dokumentêre bewys, behoorlik gesertifiseer deur 'n notaris, wat die gesag bevestig van 'n persoon wat **hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken**, moet by hierdie vorm aangeheg word, tensy voorheen deur die oordragsekretaris aangeteken of deur die voorsitter van die Vergadering kwytgeskeld. 'n Aandeelhouer wie se aandele deur Sanlam Share Account Nominee (Edms) Beperk of Sanlam Fundshare Nominee (Edms) Beperk gehou word, word deur die betrokke benoemde maatskappy bemaagtig om aan die Vergadering deel te neem en te stem. 'n Aandeelhouer benodig dus geen verdere magtiging om die volmagvorm te onderteken nie.
6. Die invul en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om persoonlik, met uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ooreenkomstig hierdie volmagvorm aangestel is, die Vergadering by te woon, daaraan deel te neem en te stem indien sodanige aandeelhouer dit verkies nie.
7. **Behoorlik ingevulde volmagvorms** moet ingedien word by of gepos word aan die Maatskappy se oordragsekretaris, naamlik Computershare (Edms) Beperk, Rosebank Towers, Biermann-rylaan 15, Rosebank, 2196 (Privaat Sak X105, Marshalltown, 2107) of epos aan proxy@computershare.co.za. Die oordragsekretaris moet genoemde volmagvorms nie later nie as 14:00 op Dinsdag 04 Junie **2019 ontvang. Aandeelhouders mag egter tot 14:00 op Woensdag 05 Junie 2019 stem**. Die vroeër sperdatum is van 'n administratiewe kant van toepassing om die stemme te verwerk.
8. Die Vergadering begin stiptelik om 14:00 op Woensdag 05 June 2019 weens die elektroniese stemstelsel wat gebruik word, en laat registrasies word dus nie toegelaat nie.
9. Waar aandele gesamentlik besit word, mag enige van die betrokke aandeelhouders 'n volmagvorm onderteken asof sodanige aandeelhouer alleen daarop geregtig is, maar indien meer as een sodanige gesamentlike aandeelhouders 'n volmagvorm indien, sal die volmag van die een wie se naam eerste in die Maatskappy se aandeleregister verskyn, aanvaar word.
10. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of wettige voog bygestaan word, tensy die tersaaklike dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bevestig, voorsien word en deur die oordragsekretaris aangeteken is.
11. By 'n stemmery deur die opsteek van hande sal elke aandeelhouer persoonlik teenwoordig of elke gevolmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger wat aandeelhouders verteenwoordig slegs een stem hê ongeag die aantal aandeelhouders of aandele wat hy/sy verteenwoordig of besit.
12. As stembriewe gebruik word, sal elke aandeelhouer persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur 'n elke gevolmagtigde of 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger net een stem hê vir elke aandeel wat deur sodanige aandeelhouer besit word.
13. 'n Besluit waaroor gestem word, sal deur die opsteek van hande beslis word, tensy daar voor of by die aankondiging van die uitslag van die opsteek van hande op 'n stemming per stembrief aangedring word deur enige persoon wat die reg het om by die Algemene Jaarvergadering te stem. As op so 'n stemming per stembrief aangedring word, sal die besluit wat tot stemming gebring word per stembrief beslis word.
14. Sanlam se bestaande Akte van Oprigting maak voorsiening vir 'n elektroniese stemproses, in welke geval elektroniese handtoestelle, en nie stembriewe nie, in die stemproses gebruik sal word.